**Bevordering van jeugentrepreneurskap en verligting van jeugwerkloosheid deur middel van entrepreneurskapshubs**

**Luluto Mgweba***

Elke jaar in Junie vier ons Jeugmaand in Suid-Afrika ter verering van die jeug van 1976 wat teen ongeregtigheid opgestaan en gehelp het om die land se demokratiese toekoms te vorm. Ongelukkig het baie van ons jongmense vandag steeds met hoë werkloosheid te kampe. Volgens die Kwartaallikse Arbeidsmagpeiling staan die jeugwerkloosheidsyfer op 54,65%.

Ofskoon die arbeidsmark nie baie van die werklose jongmense kan huisves nie, bied entrepreneurskap ʼn alternatief vir tradisionele indiensneming. Munisipaliteite speel ʼn belangrike rol in hierdie verband.

Hulle moet innoverende inisiatiewe soos entrepreneurskapshubs in werking stel om plaaslike ondernemings te help groei. Munisipaliteite het ʼn verantwoordelikheid om plaaslike ekonomiese ontwikkeling te bevorder en gunstige toestande vir indiensneming en ondernemingsontwikkeling in hulle gemeenskappe te skep.

Entrepreneurskapshubs bied belangrike dienste soos mentorskap, investering, opleiding en maatskappy-infrastruktuur. Hulle word erken as katalisators vir sake-ontwikkeling en vir die skep van ʼn bemagtigende omgewing waarin jong entrepreneurs hulle idees in winsgewende ondernemings kan omskep. Entrepreneurskapshubs verhoog die oorlewingsyfer van beginnerondernemings, bevorder vernuwing en skep werksgeleenthede. Die oorlewing van beginnerondernemings hang ook af van ondersteuning ná inkubasie, oorsigbestuurstelsels, beskikbaarheid van hulpbronne en institusionele medewerking.

My onlangse meestersgraadstudie aan die Universiteit Stellenbosch het innoverende oplossings vir jeugentrepreneurskap in maatskaplike en landelike kontekste ondersoek, asook die rol wat plaaslike netwerke en vennootskappe in die ondersteuning van maatskaplike en landelike jeugentrepreneurskap speel. Deur gebruik te maak van drie entrepreneurskapshubs in Stellenbosch het die studie spesifiek gefokus op werklose jongmense wat probeer om hulle klein besighede te vestig, asook op diegene wat reeds hulle ondernemings gevestig het, maar probeer om in hulle bedryf te oorleef.

Jeugentrepreneurs in Stellenbosch neem kreatief aan ʼn verskeidenheid van entrepreneursaktiwiteite deel wat spesifieke gemeenskapsbehoeftes aanpak. Hulle dra beduidend tot inklusiewe ekonomiese groei en volhoubare ontwikkeling in hulle gemeenskappe by deur werksgeleenthede te skep en armoede te verminder. Hulle neem ook mense uit hulle gemeenskappe in diens, insluitende matrikulante, om hulle vaardighede uit te brei en hulle aan die werksomgewing bekend te stel. Hierdie entrepreneurs gebruik hulle ondernemings om gemeenskapsontwikkeling te verbeter en armoede te verminder.

Jongmense gebruik hulle sake-idees as ʼn laaste uitweg om geld te maak, hulle afhanklikheid te verminder en aktief by die ekonomie betrokke te raak deur hulle eie ondernemings te begin en te bedryf. Hulle word aangespoor deur ʼn behoefte aan persoonlike groei om

hulleself te onderhou en gebruik hulle persoonlike motiverings en sakebeginsels om hulle entrepreneursreis te stuur.

Sistemiese hindernisse, insluitende administratiewe vertragings, komplekse voldoeningsvereistes, probleme met die verkryging van besigheidsregistrasiesertifikate, beperkte toegang tot finansiering, 'n gebrek aan sake-ondersteuning en onvoldoende ondernemingsekostelsels vertraag egter jongmense se vermoë om entrepreneurskap na te jaag. Dit beklemtoon die waarde van entrepreneurskapshubs, wat noodsaaklik is om entrepreneurskap onder jongmense aan te moedig.

Die sukses van entrepreneurskapshubs hang van hulle doeltreffendheid en toeganklikheid af. My studie toon dat hoewel hubs soos die CoCreate Hub, Stellenbosch Network en Ranyaka Community Transformation met opleiding, netwerkgeleenthede, mentorskap en toegang tot hulpbronne help, hulle toeganklikheid wisselvallig is. Weens beperkte kennis, ingewikkelde aansoekprosedures en geografiese beperkings ondervind baie jongmense, veral dié uit minderbevoorregte agtergronde, struikelblokke in hulle pogings om toegang tot hierdie programme te verkry.

Diegene wat wel toegang kry, ontwikkel noodsaaklike entrepreneursvaardighede, insluitende probleemoplossing, finansiële bestuur, sakebeplanning, mentorskap en afrigting. Een jong entrepreneur met wie ek byvoorbeeld 'n onderhoud gevoer het, het aangedui dat die hubs hulle met praktiese vaardighede toegerus en hulle bemagtig het om arbeidsintensiewe ondernemings te begin. Hierdie vaardighede verbeter hulle vermoë om klein ondernemings te begin. Dit beklemtoon die rol wat entrepreneurskap in die bevordering van selfstandigheid en gemeenskapsontwikkeling speel.

Die vermoë om langtermyn-impak te evalueer en programontwerp te verbeter word belemmer deur 'n gebrek aan betroubare metodes vir monitering en evaluering. 'n Deeglike, goed gekoördineerde strategie is in hierdie verband nodig om entrepreneurskap onder jongmense aan te moedig. Dit behels die uitbreiding van suksesvolle projekte en inkubasieprogramme, asook voortdurende ondersteuning van jong entrepreneurs.

Volgens my navorsing het entrepreneurskapshubs 'n matig voordelige uitwerking op werkverskaffing aan die jeug. Ofskoon hulpbronbeperkings hulle reikwydte beperk, bevorder hulle nietemin lede se werksgeleenthede en verminder hulle werkloosheid. Entrepreneurskapshubs help jongmense om die oorgang na selfindiensneming te maak deur die vestiging en groei van ondernemings te fasiliteer. Daarbenewens toon sommige geïnkubeerde ondernemings die vermoë om werksgeleenthede te skep.

Ons moet entrepreneurskapshubs uitbrei en dit in meer omvattende munisipale ekonomiese ontwikkelingsplanne inkorporeer. Hulle invloed sal beperk bly en onvoldoende wees om jeugwerkloosheid aan te pak as hulle nie uitgebrei en met ander beleidsmaatreëls gekoördineer word nie.

Aanvullende inisiatiewe, insluitende geteikende infrastruktuurontwikkeling, onderwys- en vaardigheidshervorming en beter toegang tot finansiële hulpbronne, moet voortdurend aangemoedig word om te verseker dat entrepreneurskapshubs noodsaaklike institusionele

meganismes vir die bevordering van jeugentrepreneurskap bly. Om die bestendigheid en doeltreffendheid van entrepreneurskapsuitkomste onder die jeug te verbeter moet hubs verder ontwikkel en as noodsaaklike platforms ondersteun word wat jongmense aktief help en toerus om entrepreneurs te word.

Jeugentrepreneurskap is ’n doeltreffende aandrywer van innovasie, werkskepping en inklusiewe ekonomiese groei, veral in gemarginaliseerde gemeenskappe. Jong entrepreneurs moet ondersteun word om samelewings te skep wat veerkragtig, regverdig en volhoubaar is.

***Luluto Mgweba is ’n PhD-kandidaat in openbare en ontwikkelingsbestuur in die Skool vir Publieke Leierskap aan die Universiteit Stellenbosch.**